Onderhandel (“bargain”) met God

Mag of kan ek onderhandel (“bargain”) met God?

Partykeer, wanneer hulle desperaat is, probeer mense met God onderhandel in ’n poging om uit hulle moeilike situasie te kom. Dan vra/sê hulle vir die Here: as U dit/dat sal doen (my lewe red, my gesond maak, die transaksie laat slaag) verbind ek my om iets besonders in ruil daarvoor te doen (ophou drink, my lewe aan U toewy, in die kerk te dien en so meer).

Mag ek as gelowige dit doen?
Kan ek dit doen?

In die Bybel lees ons van verskeie gelowiges wat met God probeer onderhandel het. Hier is ’n paar voorbeelde:

- Abraham pleit dat God nie Sodom vernietig nie (Genesis 18:22-33)
- Moses pleit dat die Here die volk sal spaar nadat hulle die goue kalf gemaak en aanbid het (Eksodus 32:11-14)
- Gideon vra eers vir ’n droë en dan vir ’n nat wolvlies as teken dat die Here hom regtig roep om sy volk te bevry (Rigters 6:36-40)
- Jefta maak ’n belofte om die eerste een wat uit sy huis hom tegemoet kom aan die Here te offer – as die Here aan hom die oorwinning oor die vyand sal gee (Rigters 11:30-31)
- Hanna vra die Here vir ’n seun en belowe dat sy hom lewenslank vir die Here sal gee (1 Samuel 1:11)
- Koning Hiskia bid dat die Here sy lewe sal verleng en wanneer die profeet Jesaja aan hom die boodskap bring dat die Here sy lewe met 15 jaar gaan verleng, vra Hiskia dan dat die skaduwee van die sonwyser tien trappe agteruit beweeg as bevestiging dat die boodskap die waarheid is (2Konings 20:1-11)
- Voornemende dissipels wil eers iets anders gaan afhandel voor hulle Jesus sal volg (Lukas 9:57-62)
- Jakobus en Johannes se moeder probeer vir hulle ’n elkeen ’n ereplek in sy koninkryk hê, gebaseer op hulle verhouding met Hom (Matteus 20:20-21)
- Die Fariseër probeer in sy gebed met sy goeie werke die guns van God wen (Lukas 18:9-14)
- Simon die towenaar probeer met geld die vermoë verkry om ook mense die hande op te lê sodat hulle die Heilige Gees ontvang (Handelinge 8:18-24)

In al hierdie gevalle is dit mense wat met God probeer onderhandel. Hulle belowe iets in ruil vir ’n sekere voordeel wat die Here in sy almag kan laat gebeur. In party gevalle is dit vir hulle eie voordeel en in ander gevalle probeer hulle oor die voordeel van iemand anders onderhandel.

In nie een van hierdie gevalle is daar egter enige sprake van “gelyke vennote” wat elkeen iets het om te bied en dan word daar saam ooreengekom oor ’n bepaalde uitkoms nie.

Wat ons hieruit leer is dat ons mense nie God se gelykes is nie. Daar is niks wat ons het waarmee ons oor die een of ander besondere uitkoms in die lewe met God kan onderhandel nie.

Dit het ook die satan geleer toe hy probeer het om as ons Here Jesus se gelyke sekere dinge met Hom te onderhandel tydens Jesus se versoeking in die woestyn (Matteus 4:1-11).

Ons hemelse Vader het ons oneindig lief. Hy wil net die beste vir sy kinders hê. Maar Hy is en bly die almagtige God en Heerser van die heelal. Hy is soewerein. Hy besluit watter uitkomste gebeur in sy koninkryk. Al hierdie uitkomste het uiteindelik ten doel om aan sy raadsplan gestalte te gee, soos wat Hy daaroor besluit. Hy weet oneindig beter as ons wat die beste is vir ons in elke situasie. Dikwels seën Hy ons met wonderlike uitkomste selfs nog voordat ons gevra het (Psalm 127:2)

Ons kan en moet nie probeer om met God te onderhandel, asof ons op ’n gelyke vlak met Hom is nie. Ons mag bid. Ons mag vra. Jesus leer ons baie duidelik om dit te doen (Matteus 7:7-9).

Maar net soos toe ons Here Jesus daar in Getsemane gevra het of die lydensbeker by Hom kan verbygaan, moet ons gerigtheid ook altyd wees: “...Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.” (Markus 14:36)

Rassie Smit